SON (Kaaps) Sport
06 Jun 2013, p.26

FEESVIERINGE: Lede van die Laerskool AH Barnard baljaar ná hul sukses in die toernooi in Stellenbosch.
Foto's: MARK WARD

DRIBBEL: Alberto Booysen van Vredendal-Noord.

AH BARNARD IS WÉÉR BAAS

Klop Vredendal in eindstryd

MARK WARD
mark.ward@son.co.za

JOHANNESBURG, hier kom ons al weer!

Só het die spelers van die Laerskool A.H. Barnard van Beaufort-Wes Saterdag tussen die reën deur op die sportterrein van Jamestown in Stellenbosch gesing.

Dié skool se o. 13-sokkerspan is die tweede agtereenvolgende jaar tot Wes-Kaapse kampioen van die Danone Cup gekroon.

Dié tjokkers van die Sentraal-Karoostreek het Vredendal, wat die Weskus op die byeenkoms verteenwoordig het, in die eindstryd met 3-1 geklop.

A.H. Barnard neem nou van 20 tot 23 Junie aan die nasionale toernooi deel. Dié toernooi, waaraan ál nege provinsies deelneem, vind in Rygerpark in Gauteng plaas.

Die wenner van die toernooi sal Suid-Afrika in September in die internasionale toernooi in Londen verteenwoordig.

Weens die gure weer was daar aanvanklik kommer of die toernooi sou plaasvind. Maar ondanks die nat en koue toestande het die spelers soms bibberend deurgedruk.

André Louw, afrigter van AH Barnard, sê daar heers groot opgewondenheid in die dorp oor wat dié span vermag het.

"Gelukkig het ons nog vyf van laas jaar se spelers tot ons beskikking.

"Kyk, hulle is mos nou veterane.

"Dit, dink ek, kan ons geheime wapen wees, want laas jaar was baie dinge vir ons vreemd en die spelers onervare," het Louw gesê.

HARD PROBEER: Die o. 13-sokkerspan van die Laerskool Vredendal-Noord.

LAAS VOLLEDIGE DOP DIE STORIE AAN
32369
SÊ ONS!

Mr Price-skolesokkerliga

Skool	S	W	G	V	DV	DT	Pte
Montvale	5	4	1	0	11	1	13
Rocklands	5	4	1	0	11	5	13
CNSV	5	3	2	0	6	1	11
Portland	5	3	2	0	8	4	11
Cloetesville	5	2	2	1	14	3	8
Spine Road	5	2	2	1	6	4	8
Beacon Hill	5	2	1	2	7	6	7
Princeton	5	2	1	2	6	6	7
Lentegeur	5	1	3	1	5	6	6
Oval North	5	1	2	2	7	8	5
Tafelsig	5	1	2	2	4	7	5
Westridge	5	1	1	3	8	6	4
Aloe	5	1	1	3	8	15	4
Belgravia	5	0	3	2	0	5	3
Glendale	5	0	2	3	5	8	2
Strandfontein	5	0	0	5	2	23	0

Bepalings vir Saterdag se wedstryde

Op die Rocklands-sportterrein:
09:00 – Mondale t Belgravia (A);
Rocklands t Strandfontein (B);
Tafelsig t Princeton (C);
Glendale t Westridge (D).
10:15 – Cloetesville t Lentegeur (A);
Portland t Aloe (B);
Cedar t Oval North (C);
Spine Road t Beacon Hill (D).

Lys van top-doelskieters

MONRAY van Niekerk is tans die vroorste doelskieter op die dooltyd van die Mr Price-Skoleliga. Dié leerder van die Hoërskool Rocklands spog met vyf doele en het 'n doelmeer as Shano Saraiena (Portland) en Zhade Manuel (Beacon Hill) aangeteken. Die vroorste doelskieters is:

5 – Van Niekerk (Rocklands); 4 – Saraiena (Portland), Manuel (Beacon Hill); 3 – Curvin Williams (Cloetesville), Jason Skippers (Cloetesville), Eugene Jones (Princeton), Yusuf Alfie (Lentegeur), Chad Sauls (Aloe), Ricardo Vooter (Mondale)en Dillon Fransch (Mondale).